MENLO
Koor en Musiek
www.menlopark.co.za

Januarie 2021

Brief 1/2021

Beste Menlo-musiekouers

Voorspoed vir 2021! Ons sien uit na ‘n jaar vol Menlo-musiekhoogtepunte. Dit is vir ons werklik ‘n voorreg om met u kind te werk en ons sien daarna uit om sy/haar musiekpotensiaal hierdie jaar te ontgin. Die Menlo-musiekakademie is bekend vir gehalte onderrig en ons stel onsself ten doel om ‘n liefde vir musiek by u kind te kweek en te versterk. Hiermee belangrike inligting rakende die Menlo-musiekakademie.

1. Musiekonderrig word in die volgende genres aangebied

Klavier: klassiek	Kitaar
Klavier: ligtemusiek	Baskitaar
Keyboard	Klassieke kitaar
Tjello	Elektriese kitaar
Viool	Tromme
Dwarsfluit	Sang
Saksofoon	Teorie: Gr. 1 tot 4 (UNISA en Royal Schools)
Simfoniese ensemble	Teorie: Gr. 5 en 6 (UNISA en Royal Schools)
Saksofoonensemble	Fluitekoor

2. Musiektariewe vir 2021

DUUR VAN LES	**BETALING**		
	EEN betaling per jaar	**VIER** betalings per jaar	**TIEN** betalings per jaar
60 min	R 14 004	R 3 501	R 1 401
45 min	R 10 502	R 2 625.50	R 1 051
30 min	R 7 002	R 1 750.50	R 701
Teorie: 60 min	R 7 304	R 1 826	R 731
Teorie: 45 min	R 5 510	R 1 378	R 551
Prakties: 60 min Teorie: 60 min	R 21 308	R 5 327	R 2 131
Prakties: 60 min Teorie: 45 min	R 19 514	R 4 879	R 1 952
Prakties: 45 min Teorie: 60 min	R 17 806	R 4 452	R 1 781
Prakties: 45 min Teorie: 45 min	R 16 012	R 4 003	R 1 602
Prakties: 30 min Teorie: 45 min	R 12 512	R 3 128	R 1 252

LET WEL: Paaimente hou nie regstreeks verband met die aantal lesse ontvang nie. Dit is bloot ‘n verdeling van die jaarlikse tarief in paaiemente.

3. Opsies ten opsigte van betaling en basiese riglyne

Die musiekakademie is ten volle geprivatiseer en ontvang geen subsidie nie. Dit is dus noodsaaklik dat **alle fooie vooraf** vereffen word.

Dit is belangrik dat u die afbetalingsooreenkoms van u keuse op die meegaande kontrak aandui. Hierdie kontrak moet tydens die tweede les van die jaar ingevul, onderteken en ingedien word by die musieksentrum. U word versoek om die afbetalingsooreenkoms nougeset na te kom. Indien die betalings nie op die ooreengekome wyse plaasvind nie, sal lesse opgeskort word totdat betaling geskied.

Betaling kan op een van die volgende wyses geskied:

Eenmalig	Die volledige bedrag is voor of tydens die tweede les van die jaar betaalbaar.
Vier paaiemente	Kwartaallikse paaiemente, soos aangedui in die tarieftabel by punt 2, is telkens voor of tydens die tweede les van elke kwartaal betaalbaar.
Tien paaiemente	Paaiemente (bedrae en datums waarop fooie betaalbaar is), word hieronder uiteengesit.

Datums vir betaling: opsie om in tien paaiemente te betaal

Paaiement 1	Einde Februarie 2021	**Paaiement 6**	Einde Julie 2021
Paaiement 2	Einde Maart 2021	**Paaiement 7**	Einde Augustus 2021
Paaiement 3	Einde April 2021	**Paaiement 8**	Einde September 2021
Paaiement 4	Einde Mei 2021	**Paaiement 9**	Einde Oktober 2021
Paaiement 5	Einde Junie 2021	**Paaiement 10**	Einde November 2021

LET WEL: Betalings kan **slegs** soos volg gemaak word:

- Tjeks/kontant (by die skool se finansiële kantoor)
- Kredietkaartbetalings (by die skool se finansiële kantoor)
- Internetbetalings

Bankbesonderhede

Rekeninghouer: Die Hoërskool Menlopark
Bank: Nedbank Pta Kommersieel
Takkode: 149 745 (universele tak) (van Standard Bank 198765; van FNB 250655)
Rekeningnommer: 149 712 4069
Verwysing: U sal merk op u rekeningstaat dat u gehef word (onder BUITEMUURS) vir die musiekakademie. Bo, in die regterkantste hoekie van die staat, verskyn u faktuurnommer vir buitemuurs (NIE DIESELFDE AS VIR SKOOLFONDS NIE). Dit is hierdie faktuurnommer wat u as verwysing vir hierdie inbetaling gebruik! Let wel, dit is 'n korter nommer.

Bewys van betaling: By die betrokke musiekonderwyser

4. Datums waarop lesse begin en eindig

Kwartaal 1	1 Februarie tot 31 Maart
Kwartaal 2	13 April tot 25 Junie
Kwartaal 3	13 Julie tot 23 September
Kwartaal 4	5 Oktober tot 26 November

LET WEL: Lesse kan nie gestaak word voor die einde van ‘n kwartaal nie.

5. Bywoning/aanbieding van lesse

Elke leerder het ‘n minimum van **39 lesse** per jaar. Die tarief per jaar sluit slegs 39 lesse per jaar in.

5.1 Indien ‘n leerder nie ‘n les bywoon nie

Dit is die leerder (en ouer) se verantwoodelikheid om lestye stiptelik na te kom. Daar word van leerders verwag om elke les by te woon. Indien ‘n leerder weens buitengewone omstandighede of siekte nie ‘n bepaalde les kan bywoon nie, is dit die leerder (en ouer) se plig om die onderwyser ‘n minimum van **24uur vooraf** te verwittig. Die onderwyser sal, **waar moontlik**, poog om die les op ‘n ander tyd aan te bied. Indien dit nie moontlik is nie, verbeur die leerder die les sonder enige afslag op die jaarlikse musiektarief. Indien die leerder bloot nie opdaag vir ‘n les nie, sonder dat buitengewone omstandighede dit onmoontlik gemaak het om die onderwyser vooraf in kennis te stel, word die les nie later op ‘n ander tyd aangebied nie en is daar ook geen terugbetaling op die tarief nie.

5.2 Indien die onderwyser nie ‘n les kan aanbied nie

Indien die onderwyser weens buitengewone omstandighede of siekte nie ‘n bepaalde les kan aanbied nie, sal die onderwyser ‘n reëling met die leerder (en/of ouer) tref om die les op ‘n ander tyd aan te bied. Ouers word versoek om onmiddellik met mnr. Lourens de Jager (Akademiehoof) of met me. Jeanmari van Papendorp (Musiekhoof) in verbinding te tree indien ‘n leerder meer as een les in die jaar weens onvoorsiene afwesigheid van die onderwyser misloop (met ander woorde die les is nie aangebied of ingehaal nie).

Staking van lesse

Indien ‘n leerder ‘n hele aantal opeenvolgende lesse weens buitengewone omstandighede of siekte gaan misloop, moet dit vroegtydig met die betrokke onderwyser gereël word. U word verder versoek om, in so ‘n geval, ook met mnr Lourens de Jager of me. Jeanmari van Papendorp te kommunikeer.

Indien ‘n onderwyser ‘n hele aantal opeenvolgende lesse weens buitengewone omstandighede of siekte gaan misloop, sal mnr. de Jager persoonlik met die betrokke ouers skakel om alternatiewe reëlings te tref.

Indien ‘n leerder sy/haar klasse by die musiekakademie wil staak, moet **een kwartaal** skriftelike kennis gegee word aan die betrokke onderyser asook mnr. Lourens de Jager (Akademiehoof).

Daar is ‘n waglys vir leerders wat by die musiekakademie wil inskakel. Daarom behou die akademie hom die reg voor om lesse van leerders wat herhaaldelik onvoorbereid opdaag, te staak.

In sulke gevalle bly die ouer steeds verantwoordelik vir die betaling van die musiekfooie tot die einde van die kwartaal waarin die lesse gestaak word.

6. Ekstra lesse

Indien leerders voor eksamens of ander geleenthede belangstel in ekstra lesse, kan dit met die onderwyser bespreek/gereël word. 'n Fooi, gelykstaande aan lesgeld sal deur die skool gefaktureer word.

7. Teorieklasse

Daar is **slegs een teorieklas per graad**. Die tye van die graad 1 tot 5 teorieklas (UNISA en Royal Schools) is by me. Trix Klopper beskikbaar en die tye vir die graad 6 teorieklas is by me. Colleen Maré beskikbaar. Die duur van die les vir graad 1 tot 4 is 45 minute en vir graad 5 en 6 is dit 60 minute.

8. Evalueringstelsel

Evalueringsverslae word kwartaalliks aan leerders uitgedeel. Teorieleerdes lê een keer per kwartaal 'n kwartaaltoets af om hulle sodoende op skedule te hou vir die teorie-eksamen wat in Oktober plaasvind.

9. Eisteddfods en eksterne eksamens

Leerders word aangemoedig om vir eisteddfods en eksterne eksamens in te skryf. Kontak gerus die betrokke onderwyser oor die leerder se inskrywings.

10. Handige inligting

Telefoonnommer (skool):	012-361 7738
Faksnommer (skool):	012-348 6827
E-pos (skool):	info@menlopark.co.za
MUSIEKHOOF: Me. Jeanmari van Papendorp	jeanmari.vanpapendorp@menlopark.co.za
AKADEMIEHOOF: Mnr Lourens de Jager	lourens.dejager@menlopark.co.za
AKADEMIEHOOF: Mnr Lourens de Jager	083 702 8076

11. Hoe word mens deel van Absolut Menlo-musiek?

Skakel gerus met mnr. Lourens de Jager by bovermelde telefoonnommer indien u seun of dogter belangstel om les te neem by die musiekakademie,

12. Registrasievorms

Aangeheg by hierdie inligtingsbrief is die registrasievorm. Dit is **noodsaaklik** dat hierdie registrasievorm, wat volledig voltooi moet, word en tydens die **tweede les** van die kwartaal aan die onderwyser terugbesorg moet word. Dit dien as die kontrak wat u met die musiekakademie sluit.

Menlo-groete

MNR. LOURENS DE JAGER
MENLO-MUSIEKAKADEMIEHOOF

MENLO
Koor en Musiek

www.menlopark.co.za

MENLO-MUSIEKAKADEMIE

REGISTRASIE VAN LEERDERS 2021

LET WEL: Elke leerder moet hierdie vorm voltooi, selfs al is daar meer as een leerder per huisgesin. Nuwe leerders moet 'n afskrif van hul musiekrapport van vorige instansie aanheg.

LEERDERBESONDERHEDE	
Van:	
Volle name:	
Noemnaam:	
Manlik/vroulik:	
Geboortedatum:	
ID-nommer:	
Leerder selnommer:	

OUER-/VOOGBESONDERHEDE			
VADER		**MOEDER**	
Van:		Van:	
Titel:		Titel:	
Voorletters:		Voorletters:	
Volle name:		Volle name:	
Noemnaam:		Noemnaam:	
ID-nommer:		ID-nommer:	
Beroep:		Beroep:	
Werkgewer:		Werkgewer:	
Woonadres:		Woonadres:	
Posadres:		Posadres:	
E-pos:		E-pos:	
Telefoon: Huis:		Telefoon: Huis:	
Werk:		Werk:	
Sel:		Sel:	
Huwelikstatus:		Huwelikstatus:	

ONDERRIGINLIGTING	
Instrument waarvoor leerder inskryf:	
Vorige graad geslaag in prakties:	
Skryf leerder ook vir teorie in? Indien wel, watter graad?	

Duur van les per week - maak ‘n x in die blokkie van u keuse:

A:	Prakties: 60 min	**D:**	Teorie: 60 min	**G:**	Prakties: 60 min Teorie: 45 min	**J:**	Prakties: 30 min Teorie: 45 min
B:	Prakties: 45 min	**E:**	Teorie: 45 min	**H:**	Prakties: 45 min Teorie: 60 min		
C:	Prakties: 30 min	**F:**	Prakties: 60 min Teorie: 60 min	**I:**	Prakties: 45 min Teorie: 45 min		

BETAALWYSE

Maak ‘n x in die blokkie van u keuse:

A:	**Een** betaling per jaar	**B:**	**Vier** betalings per jaar	**C:**	**Tien** betalings p jaar

A:	Internet	**B:**	Tjek	**C:**	Kontant

ONDERNEMING DEUR OUERS/VOOG EN LEERDERS

Hiermee verklaar ons dat:

1. Ons die vorm volledig ingevul het en dat die besonderhede waar en korrek is;
2. Ons ons vergewis het van die reëls van die musiekakademie soos uiteengesit in brief 1 van 2021 en dat ek/ons dit sal nakom.

GETEKEN TE PRETORIA OP HIERDIE ……. DAG VAN …… 20 ……

…… ……

HANDTEKENING: VADER/VOOG HANDTEKENING: MOEDER/VOOG

……

HANDTEKENING: LEERDER